Réney Warrington

**_Smit Motors_. Een sin wat die kern van die verhaal vasvang?**

Die liefde van mense.

**Was _Smit Motors_ ’n groter uitdaging as _Oktober_?**

H’m, nee. Beide was ewe maklik/moeilik en het ewe veel oorskryf gekos. Maar na die sukses van *Smit Motors* begin ek nou al stres oor nommer drie! Wat gaan Tannie Bettie, my 88-jarige bewonderaar, dink van die distopiese skop-skiet-en-donder wat al op 100 000 woorde staan? Of maak ek eerder die versameling briewe aan my broer klaar? Senuwees!

**Is alle fiksie outobiografies?**

Ek kan nie namens anders skrywers praat nie, maar sover skryf ek oor mense, vraagstukke en storielyne wat ek ken, of vir my belangrik is.

**Hoe beïnvloed jou liefde vir films jou skryfwerk?**

Dit is moeilik vir my om te peil. Ek skryf net soos ek skryf. (Duidelik het ek nie tale of kreatiewe skryfkuns bestudeer nie. Ek het ’n graad in politiek. Nee, ek weet ook nie hoekom nie.) Ander mense sê my boeke is filmies, amper draaiboeke.

**Gunsteling fiksie-en filmkarakters, en hoekom?**

Het almal nie ’n sagte plekkie vir die underdog nie? Die buiteperd? Vir die beskadigde, maar o so heroïese Sarah Connor in *Terminator 2,* Ripley in *Alien/s* en dan natuurlik, Charlize se brose en briesende Fioriosa in *Mad Max: Thunder Road*?

Een van my vroegste ‘karakter’ obsessies was Dian Fossey. Ek het die boek oor haar (*Woman in the mist),* asook die semi-wetenskaplike boek wat sy self geskryf het (*Gorillas in the mist*), gelees, onderstreep en weer gelees. Die hoogtepunt van my standerd 7-jaar was die uitreiking van die film, *Woman in the mist,* met Ripley van *Alien,* ag ek bedoel, Sigourney Weaver, in die hoofrol.

**Eerste beeld wat by jou opgekom het vir _Smit Motors_?**

Petra sit in ’n verlate speelpark voor sonop. Sy rook. Haar hoodie is oor haar kop getrek. Sy is bang vir wat die dorpenaars met haar sal doen as hulle wakker word en besef ’n queer het ingetrek. Die toneel is vroeg uitgesny.

**Wat beteken die woord ‘familie’ vir jou?**

Te veel.

**Watter storie(s) moet ons nog in SA ontgin as storievertellers?**

Ontelbaar baie. Stories is die ideale manier om ‘die ander’ gaping in ons land te oorbrug, om mense mekaar beter te laat verstaan sonder om prekerig te raak. Kyk na die film *Kanarie,* of selfs die TV reeks *Spreeus*. Ons kan deur stories en die ondersoek van mekaar se kulture, al is dit ons spookstories, minder vreemd raak vir mekaar.

**Jy is baie naby aan jou ma. Beste advies wat sy jou al gegee het?**

Mense wat se oë te naby aan mekaar sit kan jy nie vertrou nie! Nee, ek spot net. Sy gee omtrent daagliks vir my advies. Ek weet nie wat ek sonder haar eendag moet doen nie.

**Wat’s volgende vir Réney Warrington?**

Ek moet die klaarmaak van twee manuskripte balanseer met ’n nuwe besigheid op die been bring. Vir ’n skrywer en kunstenaar, my vrou Hannelie Coetzee, is patente, kontrakte, personeel en prokureurs omtrent Grieks. Hou vir my duim vas.